# Moderne Argitektuur

## *gaan ons Kerkplein skend*

Tot ons bittere teleurstelling het Pretoriane onlangs verneem dat die nuwe gebou van die Transvaalse Provinsiale Administrasie nie by die argitektuur en geskiedenis van die Kerkplein sal aanpas nie.

Afbeeldings van die voorgestelde gebou toon 'n moderne langwerpige kas van 173 voet hoog, wat die hele omgewing sal oorskadu. Kerkplein waarop Pretoriane, Transvalers en Suid-Afrikaners so trots is, sal deur die voorgestelde gebou vir eeue geskend word.

**Gereeld word 'n Afrikaanse boustyl vir ons openbare geboue bepleit, maar selde sien ons die sierlike Kaap-Hollandse argitektuur in ons staatsgeboue en huise verwerk.**

**Die verontagsaming van die mening en gevoelens van Pretoriane en Transvalers in die ontwerp van die Provinsiale Gebou het by ons verbasing verwerk. 'n Uitgawe van £3,000,000 publieke geld regverdig na ons mening 'n wedstryd vir die nuwe gebou.**

In 'n wedstryd sou voorwaardes gestel kan word dat die gebou argitektonies by die Kerkplein en omgewing moes aanpas, en sou belanghebbende liggame die geleentheid gegee het om hul mening uit te spreek.

Die Genootskap sou ook graag sien dat die P.A.T. die Holford-plan steun en die nuwe gebou in Strubenstraat oprig. In ieder geval doen ons 'n dringende beroep op die Transvaalse Provinsiale Raad om nie met die voorgestelde gebou voort te gaan nie, maar die hele saak in heroorweging te neem.

W. PUNT,

*Voorsitter.*